*Dinsdag* **3 Februarie**
**Skrifgedeelte: Lukas 1:57-66 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:58**
**Die goeie dinge wat jy van God ontvang, moet in sy diens staan**
God gee sodat jy Hom daarmee kan dien. Elisabet en haar man, die priester Sagaria, was opregte gelowiges. Hulle het vir die Here gebid vir 'n kindjie, maar die jare het verbygegaan en Elisabet het kinderloos gebly. Mettertyd het hulle alle hoop laat vaar om 'n kindjie van hulle eie te hê, en toe die Engel aan Sagaria vertel dat hulle 'n kindjie gaan kry, kon hy dit nie glo nie. Dit was menslik nie meer moontlik nie (Luk. 1:18).
Die Here vervul egter sy belofte en daar word bo alle verwagting vir hulle 'n kindjie gebore! Daar is dus geen twyfel dat God dit bewerkstellig het nie. Net God kan lewe gee waar daar geen lewe moontlik is nie.
Die engel maak dit egter duidelik dat hierdie kindjie nie maar sommer net 'n geskenk aan Sagaria en Elisabet is nie, maar dat hierdie kindjie gegee word om in God se diens te staan! Dat Elisabet en Sagaria dit besef het, blyk uit die naam wat hulle die kind gee. Die familie en vriende stel familiename voor. Elisabet en Sagaria dring egter aan op die naam wat die engel Gabriël hulle beveel het om vir die kind te gee, naamlik Johannes (Joh. 1:13).
Hierdie Johannes sou later die profeet Johannes die Doper word. So ontferm God Hom oor Elisabet en Sagaria, maar Hy gebruik ook vir Johannes in sy diens!
Ons leer hier 'n belangrike geloofsbeginsel. Dit wat ons van God vra en dit wat ons van God kry, mag nooit in ons eie belang wees nie. Dit is altyd in God se belang. As God vir jou gee waarvoor jy bid, hoe bly jy ook al is, moet jy ook bid dat die Heilige Gees jou oë sal oopmaak om te sien hoe dit in diens van Christus aangewend moet word. Dit beteken onder andere dat hierdie dinge die belang van Christus in jou huwelik, in jou gesin en in jou kerk moet dien. Dit geld letterlik vir alles wat ons elke dag uit God se hand ontvang.

*Sing: Skrifberyming 4-3:3*

*Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Emeritus)*